

Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

September 2021 Uitgawe 2



SA salutes whistle-blowers

Page 3



Ipeleng Kwadi sets her sights on Africa

Page 7

R11 billion allocated for jobs

THE ECONOMIC Reconstruction and Recovery Plan is helping the country's economy and people recover from the COVID-19 pandemic and recent unrest.

The Presidential Employment Stimulus Package has allocated an additional R11 billion to support employment, as part of the Economic Reconstruction and Recovery Plan (ERRP).

President Cyril Ramaphosa recently made this announcement when responding to questions during a sitting of the National Assembly.

He said initiatives such as the Basic Education Employment Initiative will continue, with the aim of creating jobs for the youth who have assisted in schools as part of the response to the Coronavirus Disease (COVID-19) pandemic.

Support for small-scale farmers and workers in the early childhood development sector also forms part of the stimulus package.

"The Presidential Employment Stimulus Package has supported close to 700 000 job opportunities to date, and largely to young people," he said.

The country's unemployment statistics have highlighted the urgent need for the public and private sectors to be actively involved in implementing the ERRP.

Results for the second 2021 Quarterly Labour Force



Survey (QLFS), recently released by Statistics South Africa, showed that unemployment has increased by 1.8%.

"The statistics released for the second quarter of this year are a reminder of our unemployment crisis and the extent of poverty in our country.

"While the interventions

contained in our ERRP are necessary and significant, I will say now that they are not enough," said the President.

He added that job creation can no longer be the mission of government alone.

"The time has now come

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Website: www.gcis.gov.za

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

FREE COPY NOT FOR SALE



Suid-Afrika huldig oopvlekkers

In die afgelope drie jaar sedert die kommissie van ondersoek na staatskaping afgeskop het, het ons te hore gekom van die uiterstes waartoe die oortreders wat korrupsie gepleeg het, gegaan het om hul misdade weg te steek.

Dit was □ uiterse ingewikkelde taak om die strekking van die netwerke van invloed wat korrupsie bemoontlik het, te ontrafel. Onder meer is talle frontmaatskappye gestig om fondse rond te skuif en betalings aan polities-invoedryke individue te verskans.

Dieselfde patrone is gesien in verskeie ondersoeke na korrupsie wat onderneem is deur die spesiale ondersoekende, die direktoraat van prioriteitsmisdadondersoek, die nasionale vervolgingsowerheid (NVO) se ondersoekdirektoraat en andere.

Namate hierdie ondersoek gevorder het en die strop al nouer getrek het om individue wat in hierdie misdade verwickel is, het ons ook gesien hoe ooggetuies gedreig is, hul families geïntimideer is, hulle geforseer is om weg te kruip, en selfs vermoor is.

Die moord op Babita Deokaran, □ senior finansiesbeampte in die Gautengse Departement van Gesondheid, beklemtoon weereens wát alles op die spel geplaas word in ons gesamentlike poging om hierdie kanker uit ons samelewing te sny.

Alhoewel ons nog nie weet wat die beweegrede agter haar moord is nie, weet ons dat sy □ sleutelgetuie was in □ SOE-ondersoek na die verkryging van persoonlike veiligheids-toerusting in die departement.

Die SAPD en privaat sekuri-

teitspanne wat onlangs sewe verdagtes vasgetrek het, moet geprys word vir hul hardewerk. Die dossier is oorgegee aan die Valke en die ondersoek sal hopelik verdere lig werp op die rede waarom me. Deokaran om die lewe gebring is.

Ongeag die omstandighede agter hierdie tragedie, is me. Deokaran □ heldin en □ patriot, so ook die krygsmag oopvlekkers wat, teen groot eie risiko, help om gevalle van misdaad, wanadministrasie, baantjies vir boeties en diefstal aan die kaak te stel.

Sonder hul dapper en beginselvaste intrede sou ons nie in staat wees om diegene wat korrupsie pleeg, te ontmasker nie. Alhoewel die aandag die afgelope ruk merendeels op oopvlekkers in die openbare sektor gevestig is, is ons ook dankbaarheid verskuldig aan dié in die privaat sektor wie se optrede minder aandag geniet het, maar net so belangrik is.

Oopvlekkers is belangrike bewakers van ons demokrasie. Hulle maak alarm teen onetiese dade en praktyke in die regering en organisasies.

Hulle kom op en maak stem dik in goedertrou en met die billike verwagting dat daar nie net opgetree sal word na aanleiding van hul onthullings nie, maar dat hulle ook beskerm sal word en nie geviktiseer of vooroordeel sal word nie.

In Suid-Afrika is daar breedvoerige wetlike beskerming vir oopvlekkers, waaronder by wyse van die Wet op Beskermende Bekendmakings, die Wet op Arbeidsverhoudinge, die Maatskappywet, die Wet op Beskerming teen Teistering asook die Grondwet self.

Daarbenewens verskaf die Kantoor vir Getuiebeskerming wat deur die Departement van



Justisie en Korrektiewe Diens- te in samewerking met ander wetstoepassingsagentskappe bestuur word, steun aan weerlose getuies en getuies wat tydens enige regsproesse geïntimideer word.

Om die getuiebeskermings- program te betree is vrywillig en nóg die SAPD nóg die NVO kan □ getuie daarin forseer nie. Sou □ getuie lewensdreigemente ontvang of onveilig voel, moet hulle die speurders in kennis stel en aansoek om die program doen. Hierdie suksesvolle program het al meermale sedert die stigting daarvan □ sleutelrol gespeel om suksesvolle vervolgings te verseker, veral met betrekking tot georganiseerde misdaad.

Dit is duidelik dat, soos wat die stryd teen korrupsie momentum bou, ons dringend ons huidige benadering tot nie slegs die beskerming van getuies nie, maar ook die

beskerming van oopvlekkers in die algemeen moet hersien.

Alhoewel verskeie stelsels in plek gestel is om oopvlekkers toe te laat om inligting anoniem te onthul, moet ons die huidige stelsels verskerp en meer ondersteuning lewer aan diegene wat in die openbaar met inligting na vore kom.

As samelewing moet ons vasstel waar ons huidige wetgewing en beleide ontoereikend is om die lewensbestaan, reputasies en veiligheid van oopvlekkers te beskerm en saam werk om dit aan te spreek.

Kriminele wat oopvlekkers teiken het nie net ten doel om sekere individue stil te maak nie—hulle wil ook □ boodskap stuur aan ander voornemende oopvlekkers. Dag na dag staan Suid-Afrikaners soos Babita Deokaran vas; hulle weier om deel te wees van korrupsie en is bereid om as getuies teen

dit te staan.

As Suid-Afrikaners bring ons hulde aan haar en al die ander oopvlekkers in die openbare en privaat sektor wat korrupsie ontbloot. Hulle doen dit sonder om erkenning of vergoeding te verwag. Dit is die hoogste vorm van openbare diens.

Ons kan hulle nie in die steek laat nie. Ons moet, en ons sal, seker maak dat hul onthullings lei tot vervolgings en ook meer doen om seker te maak dat hulle beskerm word.

As Suid-Afrikaners wil ons □ sterk boodskap stuur dat ons nie geïntimideer sal word nie. Diegene verantwoordelik vir die moord van getuies en oopvlekkers sal in hegtenis geneem word en die volle mag van die gereg in die oë staar, net soos diegene wat skuldig bevind is van die einste korrupsie wat hierdie sluipmoordenaars probeer toesmeer. 📌

Let op na kinderkanker se waarkuwingstekens

KINDERKANKER-BEWUSTHEIDMAAND, wat elke September plaasvind, skep bewustheid oor baie kinderkankers.

Allison Cooper

Kinderkanker is wêreldwyd aan die styg, met □ beraamde een uit elke 408 kinders wêreldwyd wat voor die ouderdom van agt jaar met kanker gediagnoseer word.

Volgens Taryn Seegers, die kommunikasie-koördineerder by die kinderkankervereniging van Suid-Afrika (bekend as CHOC), is die algemene opvatting dat twee-derdes van kinders met kanker nie behandeling ontvang nie — en diegene wat wel behandeling ontvang, dikwels reeds in die latere stadiums van die siekte is.

CHOC werk sedert 2011 saam met die Departement

van Gesondheid en tradisionele genesers om gesondheidspraktisyne, gesondheidsorgwerkers, tradisionele genesers en gemeenskappe met die nodige kennis oor kinderkanker te voorsien.

“Hierdie individue word geleer van die Siluan vroeë waarskuwingstekens en leer ook hoe om bygelowe en stigma onder die lede van die gemeenskap te ontbloot en hok te slaan,” sê Seegers.

Die Siluan vroeë waarskuwingstekens is as volg:

- Seek: Raadpleeg mediese hulp vir vroeë, aanhoudende simptome.
- Eye: □ Wit kolletjie in die oog, skielike skeelheid, skielike blindheid, geswelde



oogbol.

- Lump: Knoppe in die onderlyf en bekken, kop en nek, ledemate, testes en kliere.
- Unexplained: Onverklaarbare aanhoudende koors van twee weke of langer, gewigsverlies, bleekheid, moegheid, kneus of bloei maklik.
- Aching: Pyn in beendere, gewrigte en rug; breek maklik bene.
- Neurological signs: Neurologiese tekens soos □ verandering of verswakking in loop, balans of spraak; agteruitgang in ontwikkelingsmylpale; hoofpyn vir langer as □ week, met of

sonder braking; en □ vergroting van die kop/skedel.

Kinderkankers

“Kinderkankers verskil van die kankers wat volwassenes raak. Hulle is meer geneig om in die organe voor te kom, lyk anders onder □ mikroskoop en reageer meer gunstig op behandeling”, sê Seegers.

“Die genesingskoers vir die meeste kinderkankers is baie hoër as dié van die meeste soorte kanker onder volwassenes. Vandag, in meeste ontwikkelende lande, kan die meerderheid van kinderkankers baie doeltreffend behandel word, en tussen 50%

tot 60% kan genees word. In hoë-inkomste lande kan die oorlewingskoers tussen 85% en 90% wees.”

Meer kinders moet gediagnoseer word terwyl die siekte steeds in die beginstadiums is en moet die korrekte behandeling ontvang — by gespesialiseerde behandelingsentrums en deur gepaste spesialiste — om die oorlewingskoers te verbeter. ❶

Vir meer inligting, kontak CHOC se hulplyn by 0800 333 555.

STAY SAFE
VACCINATE TO SAVE SOUTH AFRICA
TOGETHER WE CAN BEAT CORONAVIRUS

TAKE THE JAB AND PROTECT OUR FUTURE

18-34YR OLDS VACCINATE NOW!

V-CHARGED